VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by 021 975 6370 X103 of epos na: admin@durbanvillegemeente.co.za sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek. **Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmaat wat siek is of behandeling ontvang:**

- Janet Muller

Gebedsversoek en behoeftes van **Fisantekraal Centre for Development (FCD)**

- FCD doen meer en meer "off-site" opleiding en daarom het hulle nog 'n mobiele projektor nodig.
- Opknappingswerk moet gedoen word, vrywilligers word benodig vir timmerwerk, verfwerk ens.
- FCD wil graag potensiële atlete en fietsryers identifiseer wat bereid is om fondse in te samel vir hulle met behulp van die "Back-a-Buddy-platform".
- Hulle nooi vrywilligers uit om aan te sluit by die fondsinsamelingskomitee.
- FCD benodig 'n vrywilliger om te help met hulle sosiale media en skrywe van webbladsye en nuusbriewe.
- Vrywilligers wat kan help met basiese rekenaar opleiding gedurende middag sessies.
- Bid asb. vir die personeel, hulle het voortdurend energie, Goddelike wysheid en die Here se genade nodig om die uitdagings van die werk te hanteer.

BADISA BEHOEFTES

- Dringende behoefte vir skoolklere en skoolskoene. Kinders wie se huidige skoolklere en skoene heeltemal stukkend is.

  Die dogter is 13 jaar oud (skoengrootte 3); die 1 seun is 11 jaar oud (skoengrootte 2); die ander seun is 9 jaar oud (skoengrootte 1).

- 'n Dogter se materne tante en haar eggenoot versorg die kind vanaf sy (die kind) 2 maande oud is. Haar man het intussen afgesterf en sy kan as gevolg hiervan nie meer al die uitgawes van die kind dek nie.

  Die kind se skoolfonds vir hierdie jaar is nog nie betaal nie. Die bedrag uitstaande vir die jaar 2017 is R1 350.00.

Kontak asb. die Maatskaplike werker, **Johan Pretorius** by 081 473 2821 indien u 'n bydrae kan maak.

VERSKEIDENHEIDSKONSERT

ten bate van

HUIS ARISTEA

(Bespreek by die kerkkantoor)

Kunstenaars: Zanne Stapelberg de Lange, Stef Kruger en die Ou Menere.

Vrydag, 20 Oktober
om 14:30 by die Agenbagsaal, Huis Aristea
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris

Saterdag, 21 Oktober
om 18:30 by NGK Bergsig se Ouditorium
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris en kinders

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 8 OKTOBER 2017	VOLGENDE WEEK 15 OKTOBER 2017
		Teks: Filippense 4	*Tema: Die betekenis van die Reformasie vir vandag*
09:00	**Kerk: Klassieke diens**	Ds. André van Wyk	Ds. André Agenbag
	Huis Aristea	-	Ds. Rian Verster Nagmaal
	Sentrum: Familiediens	-	Dr. Tinus van Zyl
09:30	**Jeuggroepe**	-	Voorskool – Gr. 3
10:00	**Jeuggroepe**	-	Gr. 4 – 11
10:30	**De Rust**	-	Ds. Rian Verster Nagmaal
18:00	**#theRock (Tieners)**	-	Ds. Jana Dickason

KENNISGEWING: SENIOR BURGER ONTBYT SAAM MET MARION HOLM

Ons moes ongelukkig 'n besluit neem om die Senior Burger Ontbyt van 25 Oktober weens die gemeente se finansiële situasie uit te stel na volgende jaar.

Ons vra groot verskoning vir die ongerief. Dankie dat u begrip het hiervoor.

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG

Tjaart en Elmarie Coetsee,Susie Groenewald, Pieter en Dolores Theron, Frikkie Cloete en Marie van Breda.

DIE SPESIALE OFFERGAWE VANDAG GAAN AAN DURBANVILLE KINDERHUIS

D4J "WORSHIP NIGHT"

Almal word uitgenooi na D4J se **"Worship Night"** op **13 Oktober** om 19:00 by Oakhill! Dis gratis en jy kan jou kaartjie kry by: www.d4j.co.za
Boekmerk dit sommer vandag nog!

HUIS ARISTEA HOU BASAAR 14 Oktober om 08:30

Heerlike "Brunch" en roosterkoek en nog vele meer.

Kom geniet 'n heerlike oggend by die basaar met vrolike musiek.

VREUGDEVOL VRY!" 'N REEKS OOR DIE VYFHONDERDJARIGE VIERING VAN DIE REFORMASIE

Vanaf Sondag, 22 Oktober begin Durbanville Gemeente 'n 40-dae-reis oor die vyfhonderdjarige viering van die Reformasie: "Vreugdevol Vry!"

Die reeks behandel die belangrikste temas van die Reformasie en telkens word daar ook aandag gegee aan die Woord asook 'n prominente Hervormer.

Hierdie reeks wil ons help om uit te vind hoedat die Reformasie jou en my lewe raak: Hoe hou ons aan om te reformeer? Daar is boekies vir kleingroepe teen R50 elk, asook leiersgidse en 'n DVD beskikbaar by die kerkkantoor.

22/10	Hou op probeer: Net genade	Martin Luther	Ef. 1:-14
29/10	Ontvang rus: Net geloof	Petrus Waldo	Heb. 12:1-3
5/11	Meer as genoeg: Net Jesus	Jan Hus	Ef. 2:1-10
12/11	Ontdek hoe om te leef: Net die Bybel	John Wycliffe	Heb. 4:12-13, Ps.19
19/11	Die lewe is 'n lied: Net tot eer van God	Johannes Calvyn	1 Kron. 29:10-19
26/11	Voel God se ritme: Om gestuur te wees	John Knox	1 Pet. 2:1-17



LENTETEE

Durbanville Gemeente het Lente gevier op 1 Oktober in die kerk se tuin! Dankie aan elkeen wat bygedra het tot hierdie feestelike oggend!

BORG 'n BLAD IN 2018 SE JAARPROGRAM

teen slegs R1 000
BESPREEK VROEGTYDIG, DAAR IS NOG
NET 5 MAANDE BESKIKBAAR OM TE BORG!!!
Jou besigheid se advertensie of jou naam sal
op die blad verskyn.

Kontak asb. vir Jackie Pretorius by (021) 975 6370 / 082 779 3356
of ds. André van Wyk by 084 410 8479
vir meer inligting.